

Brandoffer

12 November

Dalk moet jy dit neerskryf, het hy gesê. Dalk sal dit help. Skryf jou gevoelens neer, skryf dit wat jy dink. Dis partykeer makliker om iets te skryf as om dit hardop te sê. om te praat. Die jong dominee op die dorp. Die nuwe een. Die een met die blink oë en die bleek hande. Met die skraal skouers waarop hy die hele gemeente en die dorp en die plase en die gemeenskap en die ganse wêreld se moeilikheid wil laai. Wat wil help dra, al weet hy nie. Al verstaan hy nie. Dis die dominee se plan. Skryf. Laat ons sien. Laat ons kyk wat gebeur, dominee, dis reg. Kom ons kyk. Ek weet dit help niks om te praat nie. want dit was plan a. Miskien moet jy met iemand praat. dit was Lukas se plan. wil jy nie met iemand gaan praat nie? Praat met my, het hy eers gevra. Toe gesmeek. Toe gekreun. Geskree. Praat net, sê tog net vir my wat is fout. Wat is fout? Jy wil weet wat fout is, Lukas? Kan jy nie sien nie? sien jy dan nie meer wat rondom ons gebeur nie, wat met die plaas gebeur, wat met ons

gebeur nie? kan jy nie agterkom nie, voel jy dit dan nie aan jou eie lyf nie? Praat was Lukas se plan. as jy dan nie met my wil praat nie, gaan praat tog in hemelsnaam met iemand anders. Toe hy nie meer weet watter kant toe nie. en ek het. maar ek het geweet dit gaan nie help nie. ek het vooraf geweet. Ek het geweet toe ek oorkant hom gaan sit, die dominee met sy ge oefende stem en die ge oefende frons en sy glimlaggie asof hy verstaan, asof hy weet, hy weet niks nie, ek het geweet hy weet niks nie. ek het ook geweet ek gaan nie vir hom alles vertel nie eintlik gaan ek hom niks vertel nie want daardie pastorie se mure is so dun soos papier, so dun, so dun, die deur staan altyd oop, die deure, al die deure daar staan oop en dit wat jy daarbinne sê trek soos 'n wind deur die pastorie, dit stoot die vensters oop, dit suig die kamers leeg dit waai daar uit en af in die straat en by elke venster in en daardie wind gaan lê eers as dit op elke plaaswerf in die omgewing die tafeldoek op die eetkamertafel laat roer het en almal aan hul lamsboud laat stik het en die huisvrou die skeplepel in die ertjies laat val het sodat sy haar hand voor haar mond kan hou terwyl haar oë rek. Nee. Ek het geweet dit gaan nie help nie, want ek het geweet ek gaan nie praat nie. ek sou oor niks meer praat as koetjies en kalfies en die droogte en daardie koetjies en kalfies wat al maerder en al maerder word en die kalfies wat nie meer kan suip nie en die koetjies wat vel en been

word wat 'n gebulk en rollende oë word wat 'n geroggel en 'n vlak warm asem word wat maaiers en been word wat stof en been word wat stof word. stof. soos die sewe maer jare soos die Kinderbybelprentjies van die sewe maer diere soos die beeste wat in 'n ry in 'n visioen verbykom maar daardie maeres sak een vir een in die stof neer. Soos daardie sewe diere, dominee, maar vir elkeen waarvan die bene onder haar inknak, kom daar nog een en nog een verby. Sewentig maal sewe.

18 November

Hy kyk vir my. Hy hou my dop. Jy dink ek kom dit nie agter nie, Lukas. Jy dink ek sien nie. Maar ek weet jy maak jou oë elke nou en dan op skrefies oop. Nes 'n kind wat maak asof hy slaap. En ek weet jy is moeg, so moeg, maar jy baklei daarteen. want jy wil weet. jy probeer agterkom wat ek dink. jy kyk deur jou wimpers, wat alles grys laat lyk, soos 'n donderbui wat uitsak. Wanneer laas was die werf daar buite daardie grys? Jy wonder seker wat ek skryf. Jy wens seker jy kan die dagboek wat jy vir my gekoop het, die een wat jy vir my in die stad gaan uitsoek het, kry waar ek dit wegsteek. jy wens jy kan dit lees. Wil jy so graag weet wat daarin staan, tussen die liggeel blaaië, binne die bruin leeromslag met die rekkie, in die boek wat jy vir my gekies het. vir die skryf. Hoe moet ek nou maak, Lukas? Ek kan al dae lank